# Dubbelpunt en voorsetsels

## Graad 4: Afrikaans





Laerskool Mikro Kopiereg ©

# Dubbelpunt

‘n **Dubbelpunt** word meestal gebruik om aan te dui ‘n lysie goed gaan ná die dubbelpunt opgenoem word.

Voorbeeld:

Jy het die volgende nodig: sout, peper, pietersielie en uie.




Laerskool Mikro Kopiereg ©

# Dubbelpunt

Soms volg ‘n <u>verduideliking</u> na ‘n **dubbelpunt**.

<u>Voorbeeld:</u>

Witsous**:** smelt botter oor lae hitte in ‘n kastrol. Roer die meel stadig in. Roer die melk bietjie vir bietjie by.







Laerskool Mikro Kopiereg ©

# Dubbelpunt


‘n Mens gebruik ook ‘n **dubbelpunt** wanneer jy iemand se <u>direkte woorde</u> neerskryf.

<u>Voorbeeld:</u>
Philip de Vos het gesê**:** ”Ek hou baie van allerhande goggas en diere.”












kool Mikro Kopiereg ©

# Leestekens



5. Voeg die leestekens op die regte plekke in.
   a) Die boek bestaan uit die volgende afdelings gedigte limerieke liedjies en wysies
   b) Ek sal altyd gediggies en versies skryf antwoord Philip
   c) Maak die sous so verhit eers die melk en botter roer



a. Die boek bestaan uit die volgende afdelings: gedigte, limerieke, liedjies en wysies.

**b.** ”Ek sal altyd gediggies en versies skryf,” antwoord Philip.

c. Maak die sous so: verhit eers die melk en botter. Roer.

Laerskool Mikro Kopiereg ©

# Voorsetsels

**Voorsetsels** is woorde wat aandui **waar** ‘n voorwerp ten opsigte van ‘n ander voorwerp is.



Die hond spring **bo-oor** die hok.



Die hond sit **tussen** die twee hokke.



Die hond sit **binne-in** die hok.



Die hond sit **voor** die hok.



Laerskool Mikro Kopiereg ©

# Voorsetsels

**Voorsetsels** is woorde wat aandui **waar** ‘n voorwerp ten opsigte van ‘n ander voorwerp is.



Hy gaan stap **met** sy hond in die park.



Die hond grom **vir** die skelm.



Laerskool Mikro Kopiereg ©